

Pretoria- 31 Julie 2011

Skriflesing: Hosea 6 en Hosea 11

Heidelbergse Kategismus- **SONDAG 2**

Teks: Hosea 6:6; Hosea 11:8

Sing- Ps. 146:1,6; Ps. 119:15; Ps. 119:20,44

Die eerste vraag na ons belydenis die vorige keer is die vraag na jou en my enigste troos.

Ja, daar was drie dinge wat 'n gelowige moet weet om salig te kan lewe en sterwe. Drie aanhoudende dinge, nie opvolgende dinge nie. Dis nie 'n geval van ek weet eers hoe groot my sonde en ellende is, en dan gaan dit oor dat ek kan weet hoe ek verlos kan word nie. Nee, dis aanhoudend, dis gelyktydig wat hierdie indeling en gedagtes 'n mens moet instroom. Hy wat sy sonde en ellende wil ken, hy moet dit aanhoudend ken, jy kan nie daarmee ophou, en reken, nou gaan ek meer na verlossing en dankbaarheid oorskuif nie. Die eerste deel van ons belydenis van Sondag 2-4 word toegespits op die ellende van die mens om nooit weer dit te vergeet dit wat die mens ellendig maak nie. Want as ek dit vergeet, of ek verstaan nie my ellende nie, dan sal ek dit wat verlossing is, en dit wat 'n dankbaarheidslewe is, nog minder verstaan. En nou is die vraag uit Heidelberg waaruit ken jy jou ellende. Die antwoord styg die boomryke Heidelberg met sy unieversiteitswese en unieversiteitskennis ver bo uit.

In kort is die antwoord, ek ken my werklike ellende alleen ***uit die wet van God***. In aansluiting by Sondag 1 om werklik in jou lewe troos te vind sal ons moet kyk na wat en hoe God se Wet in ons lewe werk. Ja, dit is soos wanneer jy jou hand op 'n warm stoofplaat sou neersit. As daardie senuweeverbinding tussen brein en hand nie dadelik jou hand waarsku om dit weg te ruk nie, dan sal 'n mens se hand tot 'n swart stompie verbrand sonder om werklik te weet wat het gebeur. Die senuwee wat die gelowige op sy geloofsvoete moet ruk is die Here se Wet. In Deut. 27:26 is daar 'n geweldige kragtige uitspraak- *Vervloek is hy wat die woorde van hierdie wet nie hou om dit te doen nie.* . In Romeine 3:20 dan staan dit duidelik- *Deur die Wet leer 'n mens wat sonde is.* In Romeine 7 dan kom dit nog duideliker deur. In Romeine 7:7 staan- *Ek sou nie geweet het wat sonde is nie, as dit nie deur die wet was nie. Ek sou byvoorbeeld nie geweet het dat dit sonde is om te begeer nie as die wet nie gesê het: Jy mag nie begeer nie.*

Die Wet wat my laat besef daar bestaan 'n ander wêreld en 'n ander werklikheid as hierdie lewe en wêreld waarin ek myself bevind. As 'n kind in 'n melaats-inrigting gebore word en hy groei daar op dan kan hy hoegenaamd nie uit homself weet dat daar 'n ander werklikheid is as die melaatse werklikheid wat hom van sy geboorte reeds omring nie. So, uit onself kan ons ons ellende nie ken nie. En wil mens naderhand jou ellendige werklikheid as die enigste werklikheid aanvaar asof dit normaal is, asof dit die Here se bedoeling was dat mense moet kan seerkry, siek word en doodgaan. Mense mekaar moet kan verwerp, daar dinge soos oorloë bestaan, is dit deel van 'n wêreld wat 'n mens maar net eenvoudig moet aanvaar? Nee, broeder en suster, die Wet sê ook nee!

Die Wet sê, weet jy is in 'n ellendige wêreld, jyself het jou hierdie ellende ingedompel, die oomblik toe sonde ingekom het Die Wet sê, ken nie net jou ellendige wêreld nie, ken jou ellendige self. Jouself wat 'n haatlike self is, dit sal ons nog moet goed hoor en verstaan.

Sonder die Wet, broeder en suster, sou dieselfde wees as om te sê die aarde moet sonder die son bestaan. Die Wet en die werking van die wet is dan ook goed te vergelyk met die son en die werking van die son. Die son verwarm ons lewe, dit gee lig, dit gee kleur aan alles, dit maak die lewe leefbaar. Ja, selfs alles wat sleg is, word deur die son verlig, dat dit gesien kan word, en ja, dit wat sleg is word juis deur die warm strale van die son 'n verdere toestand van sleg ingegaag sou die kwaad nie gekeer word nie. Vleis of 'n karkas van 'n dooie dier wat reeds besig is om te verrot laat dit in die son lê, dan vind verrotting net vinniger plaas, sou die son sy strale daar injaag. Met mense is dit niks anders nie. Vermaan iemand wat vloek juis op grond van die Here se Wet, wat doen so 'n mens baie keer. Hy trek daar los en hy/sy vloek eenvoudig net nog meer om jou uit mekaar uit te wil vloek.

Dit wil lyk wanneer die wet ons sondes aan die lig bring en daar is nie berou en bekering nie, dan word die sondes net nog meer aangejaag. Die Wet maak oop, die Wet lê bloot dit wat daar in die hart leef. Na alles, besef 'n mens, die Here wil dit so hê. Laat dit wat sleg is, dan wel net nog duideliker uitgeken word hoe sleg dit wel is. Ek dink aan die

VIGS-pandemie in ons land. Die sedes en mense se morele waardes, die Wet staan tog geskryf, jou lewe moet 'n huwelikslewe wees as dit gaan om die uitleef van jy mens met jou seksuele verlangens en behoeftes. Toe die mens God se Wet soos met 'n huwelik oorboord gooi, en man begin selfs brand teenoor man soos Romeine 1 al homoseksualisme afwys dan kan ek nie anders as om te glo vigs wat merendeels die oorsaak is van sedeloosheid, die Here laat vigs gebeur dat ons sedeloosheid net nog duideliker uitgeken word van hoe sleg dit wel is, dit wat lankal reeds vir die mens sleg was.

Daarom is die Wet van die Here by voorbaat in die gesigsveld as dit in ons Heidelbergse belydenis gaan om watter lewe jy leef, jy ellendige mens. Jy diagnoseer eintlik jouself met die Wet. Jy besef hoe siek jy is, hoe ellendig, hoe haatlik, hoe vuil Die Wet is dan meer as net die senuwee wat jou op jou geloofsvoete moet ruk, maar dit is ook soos 'n spieël. In 'n spieël kan jy sien hoe vuil of hoe skoon jy is, so sien 'n mens aan die hand van die wet hoe sondig jy is.

Dit was nie wat die Fariseërs wou doen nie. Hulle wat gedink het hulle is so wetgetrou, so gehoorsaam, hulle maak God se gebooie op die einde 613 verskillende wette. Vir sulke mense met sulke wette het Jesus nie tyd gehad nie. Mense wat weier om in die wet hulleself te spieël maar wat ander mense met hulle wette wou seermaak, en verkleineer en afmaak en eenkant druk en verstoot, asof die Wet gemaak is dat een mens 'n ander daarmee mag afdruk, laer as wat 'n mens reeds is.

Jesus word in Mattheus 9 verkwalik dat Hy met sondaars en tollenaars aan tafel gegaan het. Dan wys die Here die ware werking, die regte werking van die Wet, teenoor hoe Fariseërs die Wet verkeerd wou laat werk. Die Here sê *Die wat gesond is, het die geneesheer nie nodig nie, maar die wat ongesteld is. Maar gaan leer wat dit beteken: Ek wil barmhartigheid hê en nie offerande nie; want Ek het nie gekom om regverdiges te roep nie, maar sondaars tot bekering (Matt.9:12-13).*

Hierdie woorde van ons Here Jesus, het ons reeds vanoggend uit Hosea 6 gelees. Jesus haal daaruit aan. In Hosea 6 vers 6 is daar al die eerste kyk in ons hemelse Vader se hart- Die Here sê- *Want Ek het 'n behae in liefde en nie in offerande nie, en in kennis van God, meer as in brandoffers.* Die wese, die ware werking, die bedoeling, die diepste grondslag van die Wet, is die vraag wat ons belydenis in vraag 4 wil vra- **Wat eis die wet van God van ons?** Dan is die antwoord nie 'n Fariseër-antwoord nie, maar 'n Jesus-antwoord. 'n Goddelike antwoord, want die Here se Wet is niks anders as 'n oopmaak van die Here se liefde nie.

Dis die spanningslyn, die geweldige skerp saak wat ons in Sondag 2 onself duidelik moet insien. Hoe ons is, ellendige mense, maar hoe God is. God, dié God wat in liefde sy liefde eenvoudig net laat meer word. Hosea 6 waar die Here sê *Hy het 'n behae in liefde, en nie in offerande nie...* en dan die aangrypende Hosea 11- die Vader laat sy liefde praat- *Toe Israel 'n kind was het Ek hom liefgehad.* Duidelik teken die Here sy smart. Dis te vergelyk met die smart van 'n ouerhart wie se kind heeltemal skeeftrap. Hulle groei weg van God af. Die Vader wat vra- Hoe kan Ek jou prysgee, hoe kan Ek jou laat vaar... *my hart is omgekeer in my, tegelykertyd is my medelyde opgewek.* Die woord het in die Hebreeus ook die betekenis om te troos, as ons weer dink aan die vorige Sondag se eerste vraag- **Wat is jou enigste troos in lewe en in sterwe?** God wat liefhê, dit sou Sondag 2 se eintlike troos word.

Ja, ek wil nog dink aan twee geweldige troosvolle gedeeltes in die Here se Woord. Psalm 136 staan dit reël na reël- *God se goedertierenheid is tot in ewigheid.* Die Psalm het 26 verse en in al 26 verse staan- *want sy goedertierenheid is tot in ewigheid.* En dan nog 'n klein profeet- Miga, in Miga 7:18 staan – *Wie is 'n God soos U, wat die ongeregtigheid vergewe en by die oortreding van die oorblyfsel van sy erfdeel verbygaan? Hy hou toorn nie vir ewig vas nie,* (en let dan veral op hierdie woorde) *God het 'n welbehae in goedertierenheid.* God se welbehae in goedertierenheid sê die Here het 'n passie om jou genadig te wees. By alles wat die Here is, en so baie dinge is daar wat ons nie van die Here kan weet of verstaan nie, maar een ding is duidelik, dat die Here

baie daarvan hou om barmhartig en genadig te wees. *God het 'n welbehae in goedertierenheid.*

Die heilige spanning wat daar by God Self was, God oordeel en Hy straf juis op grond van sy eie Wet, maar op grond van dieselfde Wet, laat God sy liefde saamtrek. Jesus is uit hierdie spanning gebore en word die spanning in Jesus opgelos. In Jesus trek God se oordeel en liefde saam. Hy is deur God verlaat sodat ons nie verlaat sou word nie. God het die straf wat op ons moet kom, op sy Seun gebring. Watter prys het God nie betaal nie! Ons verlossing is nie goedkoop nie, want God se liefde is seker die duurste wat daar kan wees.

Wie deur Hosea nog dieper in God se hart inkyk, sal beseef hoe God se hart nou nog na ons uitgaan. Daarom is die saamtrek van die Wet in Jesus se mond saamgevat, en alles is een al liefde. *Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand. Dit is die eerste en die groot gebod. EN die tweede wat hiermee gelyk staan: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself. Aan hierdie twee gebooue hang die hele wet en die profete.* Dit is hierdie liefde wat wil hê dat ons dan ook vir die Vader sal lewe. Dat ons sy liefde met 'n hartlike wederliefde beantwoord. Dis al wat Hy vra. Liefde! God wat sê dat Hy het 'n behaie in liefde en nie in offerandes nie.

Maar die wederliefde waarmee die Here se volk antwoord lees ons in Hosea 6 was maar weinig. Die Here sê in Hosea 6:4 –*Julle liefde is soos 'n môrewolk, en soos 'n dou wat vroeg weer verdwyn.* Vir 'n oomblik lyk dit heelwat maar dit verwaai ook sommer weer. Dan is dit weg! Hulle hart was daar nie vol van nie. Dit is alles sag gesê- ons belydenis sê dit harder en reguit. **...ek is van nature geneig om God en my naaste te haat.**

Na alles, hoe ons God in sy liefde wou aanskou, hoe ons sien watter passie daar by God is om jou genadig te wil wees, raak die belydenis met onself besig. Ken jou ellendige self. Jouself wat 'n haatlike self is. 'n Mens sou seker wou reageer ek is nie só nie? Wie werklik God in sy liefde leer ken, en ons moet juis op hierdie liefde antwoord, dan ontdek ons aan onself ons liefdeloosheid, ons louheid. Dadelik dink ons hier aan die gelykenis

van die verlore seun, maar op die einde blyk die oudste seun meer verlore te wees, as die seun wat wel weg van die huis af was.

Die oudste seun, toe sy jongste broer terugkom, wat dra hom, wat maak dat hy so met sy pa praat, wat maak dat hy glad nie wil inkom, saam wil fees vier nie, broeder en suster?! Niks anders nie as 'n grondliggende haat. Wat maak dat die Bybel oor hierdie oudste seun maar net stil ráák? Jona, wat maak dat hy toe hy in Nineve moes gaan preek, vir buitelandse mense, uitlandse mense, alles behalwe sy mense, hy wel preek, maar hy soek dat God se oordeel die mense moet tref. Hy soek nie die ding dat God 'n welbehae in goedertierenheid het nie, dat God se goedertierenheid tot in ewigheid is nie. Hy wil die oordele sien, hy wil vernietiging hê, broeder en suster, dit noem ons belydenis daardie haat wat in u en my van nature is. Om God en my naaste te haat.

God se Wet is net één wet en dit is liefde. My wet is die haatwet. Ek is van nature vanweë my sonde geneig om God en my naaste te haat. U kan gerus Romeine 3:9-20 ook lees, daar word die haat uitgespel- *Daar is niemand wat goed doen nie. Almal se kele is soos 'n oop graf. Die gif van adders is onder ons lippe.*

Broeder en suster, dis wat ons belydenis vandag ons wou toon. Ons sondekant, ons ellendekant, ons haatkant, en teenoor dit alles God se kant. God wat in liefde hierdie verskriklike haat tegemoet gaan. As u besef hoe groot God se liefde is, maar terselfdertyd hoe groot my sonde en ellende is, en dit is juis God se liefde wat my sonde aan die lig bring, maar ook bring ons ellende God se liefde net duideliker na vore, dan is u reeds in die lig van God se genade.

Dan wil ek afsluit met Olevianus, die een opsteller van die Kategismus op sy sterfbed, hy was maar 51 jaar oud. Daar waar hy ernstig siek was, sterwende, was sy woorde dat in hierdie siekte het ek twee dinge geleer- hy het geleer wat sonde is, maar ook hoe groot die majesteit van God is. Toe vra hy dat hulle vir hom Psalm 42 en Jesaja 53 sal lees en 'n Psalm van die reformatie sal sing. Kort daarna is hy oorlede terwyl hy vir hulle om hom sê ek wil my reis na die Here nie langer uitstel nie. Ek verlang om te vertrek om nou

Pretoria- 31 Julie 2011

by Christus te wees. Hy wat in Sondag 1 al geleer het wat is ons enigste troos in lewe en in sterwe. Hyself het hierdie troos syne maak.

AMEN